

Skriflesing Fil. 1: 6, 12 – 14, 19 – 26; 3: 7 – 12; 4: 11 – 14.

Teks Fil. 1: 21 Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.

Tema Ons omhels Christus in lewe en in dood

1. Omhels ons die lewe of die dood, of vir Jesus Christus?

Dit is die vraag waarvoor hierdie pandemie van die koronavirus ons as gelowiges stel! Hierdie pandemie is vir die wêreld 'n skokgolf want dit stel mense wat die dood vir hul self 'n totale onwerklikheid gemaak het nou skielik voor die werklikheid van die teenwoordige dreigende dood.

Met die krag van die mediese wetenskap het mense die dood gewoon net weggeleef in hul omhelsing van die lewe. Die hartseer van hierdie ontkenning van die werklikheid van die dood, het ons nou al jare beleef in hoe mense ander mense se dood tydens begrafnisse met ballonne en vrolikheid gevier het. Dit is gedoen met die misplaasde slagspreuk op begrafnisse dat hulle nie rou oor die dood van hul geliefde nie, maar sy/haar lewe vier. Daarom is mense wat dood is eers sommer voor hierdie vrolike lewensvierings in eredienste begrawe sodat hulle lyke nie die stemming van die lewe in die eredienste bederf nie.

Die hartseer van hierdie omhelsing van die lewe wat die dood ontken, is hoe eensaam mense in hierdie vrolikheid van hul naastes moes sterf. Niemand wat die werklikheid van die dood op 'n doodsbed moet aanvaar, doen dit met ballonne en vrolikheid nie. Hulle doen dit met die diepste vrees en rou dat jy alles en almal wat vir jou kosbaar is in jou dood verloor. Dat mense wat sterf moet aanvaar dat hul dood as die lewe gevier gaan word, en dat daar nie oor hul verlore liefde gerou sal word nie, is die eensaamheid wat hulle alleen moes dra. Dit omdat mense die lewe op so 'n wyse omhels dat die dood nie werklik mag wees nie. Dit is ook die eensaamheid van mense in werklike rou – jy moet dit alleen dra en mag nie oor hom of haar wie jy verloor het praat nie want dit pas nie in die lewe wat mense leef nie.

En nou staan ons almal voor die werklikheid van die dood in hierdie pandemie.

Die afkondiging van die noodtoestand het gewys hoe party mense paniekerig oorweldig is deur die teenwoordige dreigende dood wat nou skielik deel is van hul lewe, terwyl ander nog steeds in hul viering van die lewe die dood ontken. Met dronk-orgies het hulle die noodtoestand geminag omdat hulle glo hul is bo die werklikheid van hierdie doodsgolf verhewe, so kenmerkend van 'n geslag jongmense wat bo almal bevoorreg en bevoordeel is en hul self onaantasbaar bo enige wet verhewe sien.

2. Binne hierdie druktespanning waarin ons nou is oor dreigende dood, moet u die besondere van Paulus se geloofsbelydenis hoor: “Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.”

Paulus is onder huisarres in Rome terwyl hy hierdie geloofsbelydenis doen, afwagting op 'n moontlike doodsvonnis. Lukas beskryf dit in Handeling 28: 16 en 30. “Na sy aankoms in Rome het Paulus die vergunning gekry om op sy eie te woon met 'n soldaat wat hom bewaak.” en “Paulus het 'n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het, en hy het almal ontvang wat hom kom besoek het.”

Daarom sê hy in hierdie brief aan die gemeente Filippi: “Julle deel immers almal saam ... in my gevangenskap ...” (1: 7) en dat hy in boeien is. (1: 4)

Hierdie geloofsbelydenis van Paulus “Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins”, wys hoe hy in die geloof binne die werklikheid van 'n dreigende doodsvonnis onder huisarres leef: hy omhels nie óf die lewe óf die dood nie. Hy omhels Christus!

3. In hierdie eensame afsondering in 'n huis wat 'n tronk is, worstel Paulus met die lewe en dood in sy gemoed.

Hy verwoord dit só: “Wat ek moet kies weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe.” (1: 22, 23) Hierdie tweestryd is net 'n innerlike worsteling met die werklikheid van die teenwoordige dood.

Dit is nie asof Paulus werklik 'n keuse kán maak nie. Dit is totaal misplaas om te dink dat hy kan kies om dood te gaan of te bly lewe. Die besluit of hy sal bly leef of ter dood veroordeel word, is nie sy besluit nie. Dit is God se besluit. Sy worsteling is om te moet aanvaar wat die beste is: om Christus in lewe te dien of om deur sterwe met Christus te wees.

Dan gebeur die uitsonderlike!

Paulus aanvaar die tweede beste vir homself! Vir homself sou dit beter gewees met heen te gaan, dit is dood te gaan en met Christus te wees. U moet iets van 'n lewensmoegheid by Paulus hier hoor. Hy sit onregverdig in die tronk oor die haat van die Jode teen die evangelie; hy moet teenoor 'n heidense keiser sy prediking van die evangelie van Christus verdedig; dit na 'n lewe wat hy in 2 Kor. 11 beskryf het as 'n lewe vol onreg, lyding, gevaar, swaarkry, honger, dors, bekommernisse en siekte. Daarom noem hy sy heengaan na Christus “verreweg die beste”.

Ons omhels Christus in lewe en in dood

Paulus aanvaar die tweede beste – omdat God hom vir sy diens om die evangelie te verkondig behoue sal laat bly.

4. Hierdie se sekerheid om vir diens deur God behoue te bly, gaan nie oor onmisbaarheid nie.

Paulus probeer nie sy lewe regverdig deur sy onmisbaarheid vir God te probeer bewys nie. Paulus verwoord sy geloof in God se reddende genade soos volg: “Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.” (1: 6) Om vir God se diens en liefde behoue te bly, gaan oor God wat end-uit aanhou waarmee hy as God begin het.

Dreigende dood kan nie God keer om wat Hy in ons begin het te voltooi nie. Die dood kan nie God se bedoeling met ons ontwig, keer of voorkom nie. God voltooi alles wat Hy ons in sy liefde en diens voor bestem het en behou ons daarvoor.

Dit is hierdie geloof in God wat maak dat Paulus binne in die tronk nie homself gelate oorgee aan ’n dreigende doodvonnis nie. Paulus omhels nie die dreigende dood nie. Nog minder omhels hy die lewe asof die dood dit nie kan bedreig nie. Binne die dreigende dood omhels hy Christus!

Hy kies nie vir die lewe of die dood nie. Hy kies vir Christus! Dit is die bedoeling van sy geloofsbelydenis: “want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.”

5. In Christus is daar nie meer vir gelowiges ’n keuse tussen lewe of dood nie!

Christus het die keuse vir gelowiges tussen lewe en dood weggevat!

Paulus kondig hierdie evangelie in Fil. 3: 10, 11 só aan as die werklike versugting waarmee hy lewe: “Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.”

Christus het Paulus ingesluit in sy lyding sodat Paulus nooit weer vir enige sonde moes ly as oordeel van God nie. Net so het Christus Paulus ingesluit in die lewe wat Hy vandag as mens vir god heilig en reg leef, dat ons en ons lewe daardeur vir God reg en heilig is.

Om Christus só teken, oortref vir Paulus alles in waarde. Christus laat sy lewe vir God reg en heilig wees, al doen hy sonde en Christus laat hierdie lewe met Hom as Here nooit weer ophou nie. Christus laat ons met hierdie lewe saam met Hom uit die

Ons omhels Christus in lewe en in dood

dood uit opstaan om lewend mens vir God te wees, net soos Hy lewend vir God mens is na Hy aan die kruis gesterf het.

Waardevol vir God in lewe, deur die dood heen vir altyd! Daarom is daar nie so iets soos 'n keuse vir lewe of dood nie. In Christus leef ons met en vir God vir altyd deur die dood heen.

6. Daarom kan Paulus verklaar: om te lewe is vir my Christus en om te sterwe is vir my wins!

Die lewe wat ons nou hier lewe is 'n lewe waar God my besig hou met vrugbare arbeid in sy diens. Die dood kan nie hierdie lewe met God beëindig of die waarde daarvan wegvee asof dit nooit was en niks meer beteken nie.

Daarom kies Christene nie vir “die lewe” nie. Dit is vir die vreugde van, die wonder van, die genot van, die sin en betekenis van of die oorgloed van die lewe nie. Hulle kies vir 'n lewe waarin Christus hulle diens en liefde vir God reg en heilig laat wees ten spyte van al hul sondes.

Net so min kies Christene vir die dood. Paulus leef nie met 'n vreesloosheid of minagting vir die dood met 'n doodswens nie. Paulus het nooit van homself 'n martelaar vir God gemaak nie. Martelare is mense wat die dood romantiseer as iets wat hulle oor hulself bring om hul self daardeur te verheerlik. Dit is soos mense wat hul self vreesloos vir die dood en met doodsmingting met ploffstof vir God opblaas.

Paulus verklaar nie sy vreesloosheid of minagting vir die dood nie. Hy verklaar dat die dood vir hom die wens bring van 'n lewe met Christus wat nie ophou nie en wat Christus tot voleinding sal bring met sy koms. Die dood se mag om die lewe te voleindig is deur Christus weggeneem. (1 Kor. 15: 54 – 56)

7. Hierdie geloofsekerheid bewerk in Paulus 'n nuwe lewensmotief wat die lewe en dood insluit. Hy verklaar dit as volg: “Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid in my hele wese Christus verheerlik in lewe en sterwe.” (1:20)

Hierdie verklaring is nie 'n verklaring van voorneme nie maar 'n geloofsbelydenis in Jesus Christus. Hy wil dat Christus sy lewe sal gebruik om Hom te verheerlik en dat Christus ook sy dood sal gebruik om Hom as Here mee te verheerlik!

Hoe het Paulus se lewe in die tronk in Rome God verheerlik?

In die tronk het Paulus tyd gehad om vyf briewe te skryf: die brief Efesiërs, Filippense, Kolossense, Filemon en 2 Timoteus. Hierdie briewe is vandag vir ons die Woord van God. Deur hierdie vier briewe het Christus die evangelie aan alle

Ons omhels Christus in lewe en in dood

nasies bekend gemaak vir byna 2000 jaar en daardeur sy kerk versamel en in sy liefde en genade regeer.

Verheerlik beteken nie hoe jy God met aanbidding groot en lofwaardig maak nie. Verheerlik beteken dat die Here my in sy diens gebruik waarvoor Hy my bestem het.

Deur met sy vrugbare diens aan die Here in die tronk in Rome voort te gaan in die geloof dat God hom tot sy verheerliking gebruik, het Paulus die tronk omvorm tot 'n dienssentrum van God se kerk.

- deur sy briewe het hy die tronk sy kansel en katecheseskool gemaak vir al die gemeentes van wat oor die Romeinse ryk ontstaan het;
- deur sy ontvangs en leringe van medewerkers uit gemeentes, het hy van die tronk 'n opleidingsentrum vir predikante gemaak;
- deur sy uitstuur van mense met opdragte oor kerkregering het hy van die tronk die kerkkantoor van die hele kerk gemaak;
- deur sy bemoedigings en ondersteuning uit die tronk het hy van die tronk 'n pastorale sentrum gemaak;
- deur sy evangeliebediening aan medegevangenes soos Onesimus, (Filemon 10) en gesprekke met soldate (Fil. 1:13) het hy van die tronk 'n sendingstasie gemaak
- deur sy gebede vir die kerk, het hy van die tronk 'n bidkamer gemaak;
- deur sy optrede as leraar in die tronk het hy 'n hele geslag nuwe predikante geïnspireer om vreesloos vir vervolging die evangelie vir 300 jaar lank binne die Romeinse ryk te verkondig. ((Fil. 1: 14)

Paulus het nie lewend uit die tronk in Rome gekom nie, al het hy die verwagting gehad dat hy lewend uit die tronk sou kom. Daarom stel hy in Filippense 1: 26 dat hy verwag om weer na die gemeente Filippi te gaan. Na sy eerste hofverskyning het hy egter aanvaar dat hy ter dood veroordeel gaan word en maak hy hierdie verklaring in 2 Tim. 4: 18: “Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring.” Dit doen hy terwyl hy heeltemal alleen in die hof verskyn het sonder enige iemand wat hom bygestaan het en nog net Lukas hom na die tyd weer in die tronk bygestaan het. (2. Tim. 4:11 en 16)

Hoe verheerlik hy God in en deur sy dood?

Nie deur vreesloosheid, bravade, dapperheid, doodsmingting, die romantisering en verheerliking van die dood nie, maar deur die geloof dat God hom behoue in sy hemelse koninkryk bring deur die dood. Vir hom was dit deur 'n Romeinse soldaat wat sy kop met 'n swaard afgekap het.

Paulus verheerlik God omdat Christus hom steeds regverdig en heilig in God se liefde laat sterwe. Paulus se dood was nie 'n straf van God vir een of ander sonde

Ons omhels Christus in lewe en in dood

nie. Paulus kon dit maklik so vir homself opgemaak het: Hy moes nie na Jakobus geluister het om weer in die tempel waarteen hy orals gepreek het, gaan offers bring sodat die Jode hom kon gevange neem nie; hy moes nie so hard en vyandig teen die Jode in sy sendingwerk opgetree het nie en meer versoenendgesind gewees het; hy moes nie so uitdagend die Romeinse afgode veroordeel het nie maar moes eerder in liefde hulle probeer wen het vir sy saak.

Verheerlik is iets wat Christus met ons doen, teen al ons eie verwagtings en wense in: Hy voltooi die werk wat Hy in en deur ons mee begin het as sy kinders wat vir Hom reg en heilig is in Christus.

8. Dit is wat Jesus Christus ook met elke gelowige in hierdie pandemie sal doen, in lewe en sterwe: Hy sal deur ons lewe en dood Homself as Here verheerlik. Met hierdie wete kan ons in hierdie pandemie ingaan: Ek wil nou, deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe!

Hierdie pandemie stel ons nie voor die keuse van lewe of dood nie, dit stel ons net nog 'n keer voor die keuse dat om te lewe is vir ons Christus en om te sterwe is vir ons wins!

Ons mag nie as gelowiges in hierdie tyd waarin die dood soos 'n vloedgolf oor die wêreld spoel, ons self onder die straf en oordeel van God stel nie. Dit gebeur nou deur geestelikes wat maak asof God met hierdie pandemie gelowiges wil dreig om tot bekering te kom, sodat wanneer hulle dan tot bekerring kom, hulle nie sal doodgaan aan hierdie virus nie.

Dit is godslasterlik!

Kyk wat stel Paulus oor sy opsluiting in die tronk: “want ek weet dat alles op my redding sal uitloop.” Geen swaarkry binne God se voorsienigheid in hierdie wêreld kan weer God se oordeel en straf wees oor my sonde nie, want in Christus het hy ons vir altyd regverdig en heilig gemaak. Alles wat God met ons laat gebeur loop net op een saak uit – dat Hy ons behou in sy liefde en genade!

Kan u die waansinnigheid van die geestelikheid raaksien dat omdat Chinese vlermuise of ietermagogs of slange geëet het, God ons as gelowiges met hierdie virus vir ons sondes nou weer straf of veroordeel?

Kan 'n Chinees wat 'n vlermuis, 'n ietermagog of 'n slang eet ons uit ons eenheid met die lyding en opstanding van Jesus Christus uit wegvreet?

Johannes se boodskap deur die hele boek Openbaring is dat geen pes of oorlog of hongersnood God is wat sy kerk straf of veroordeel nie! In en deur al hierdie swaarkry laat hy ons vir hom leef en sterf as sy regverdige en heilige kinders!

Ons omhels Christus in lewe en in dood

God gaan ons in en deur hierdie pandemie in lewe en sterwe as sy kinders verheerlik.

9. Ons kies nie vir die lewe nie. God het ons bestem vir vrugbare arbeid saam met Hom in sy liefde!

Die lewe is nie ons keuse nie! Ons keuse is 'n lewe saam met Christus in sy diens!

Dit is mos wat God met die meeste van ons gaan doen! Van ons selfisolasië tot net met hierdie vloedgolf verby is, bly ons vir Christus heilig en regverdig in sy diens. Daarom kan ons teenoor hulle wie ons moet dien leef met die woorde van Paulus: "maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly."

Dit is mos tog die wyse waarop ons met Christus leef – vir die noodsaak van ons diens aan ons kinders, ons eggenote, ons ouers, ons werknemers en werkgewers en ons gemeente en gemeenskap.

Dit is ook hierdie noodsaak van ons diens aan Christus waarin ons as gelowiges ons self nie draers van hierdie virus wil maak om ander siek en dood te maak nie. Dit is hoekom ons saam met die owerheid en die hele gemeenskap alles doen om die verspreiding van hierdie virus te beveg, ook met al die verliese en onkoste wat ons daardeur moet dra.

Omdat om te lewe vir ons Christus is en ons Hom in ons lewe wil verheerlik!

10. Ons kies ook nie vir die dood nie! God maak in Christus die dood vir ons 'n wins.

Deur die dood word ons deel van die ewige lewe met Christus waarin ons ook net soos Hy uit die dood sal opstaan om weer lewend mens vir God in sy skepping te wees. Net soos met Paulus kan God vir ons besluit dat Hy ons tot die volheid van die lewe waarvoor Hy ons bestem het gevat het en deur hierdie virus laat doodgaan.

Maar dit is nie ons keuse nie, dit is God se besluit!

Daarom mag ons nie ons nou laat mislei deur predikers wat doodsveragting en doodsverheerliking preek asof dit die evangelie is nie. Die wyse waarop dit nou al meer gebeur is die prediking dat gelowiges nie die dood hoef te vrees nie, ook nie die dood deur hierdie virus nie.

Christus maak die dood vir ons 'n wins, nie 'n mooi ervaring nie! Niemand sal van hierdie vloed van dood 'n heerlike ervaring kan maak asof ons sonder vrees daarvoor kan staan nie. Die werklikheid van die teenwoordige dood sal elke gelowige met die vrees vir die dood vervul. En dit is hoe dit moet wees.

Ons omhels Christus in lewe en in dood

Hierdie vrees vir die dood moet ons lei om alles te doen om ons teen hierdie virus te beveilig, van hande was tot en met die soeke na 'n teenmiddel!

Want die verlies van geliefdes deur hierdie dood gaan ons krenk en menslik armer maak. Dit gaan rou en hartseer oor ons bring wat vir jare deel van ons lewe kan wees. Vir party gemeenskappe sal dit hulle as hele gemeenskappe wesenlik ontwig. En dit sal ballonne en vrolike eredienste nie wegvat nie!

Maar in hierdie vrees vir en in die dood kan ons Christus omhels!

Hy sal ons in die dood en deur die dood vir Hom so behoue laat bly dat ons lewe vir en met Hom nooit verlore kan raak nie. Hy wat sy lyding met ons deel, sal sy opstanding met ons deel! So omhels ons Christus terwyl ons lewe en só omhels ons Christus in ons doodsoomblikke. Ons omhels nooit die dood nie.

So maak Christus dat dit waarvoor ons werklik bang moet wees, nie vir ons 'n verskrikking is wat ons laat opgee op die lewe nie en kan ons deur dreigende dood heen van ons lewe ook 'n dienssentrum en sentrum van aanbidding maak soos Paulus van sy tronk gemaak het.

Daarom moet ons nou Christus omhels in die geloof: om te leef is vir ons Christus en om te sterwe is vir ons wins.” So kies ons nie vir die lewe of dood nie, maar bly ons arbeidsaam diensbaar in die lewe deur die dreigende dood heen.